# POLISIE EN SWERWER-SPEURDER

No. 29

## Die dood met Vlerke




GERRIE RADLOFF

So vinnig as wat hy kan, maar met so min lawaai as moontlik, hardloop Obed terug in die rigting van die motor. Hy het nie te ver daarvandaan uitgespring nie, want hulle het om 'n draai gegaan. Toe hy die motor weer sien, is hy skaars tien tree daarvandaan. Die parkeerligte brand nog en hy kan die plek tussen die bome sien waar Davis ingestap het. Enige oomblik sal Ekkie natuurlik om die draai daar anderkant kom.

Sonder om 'n poging aan te wend om homself te versteek hardloop hy tot oorkant die motor. Hier staan hy 'n oomblik stil en luister aandagtig. Hy tuur in die donkerte voor hom, maar nêrens sien of hoor hy 'n beweging nie. Versigtig stap hy tussen die stamme deur.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Net Twee Kelkies | 3 |
| 2. | Die Dubbele Vrag | 13 |
| 3. | Die Donker Kol | 25 |
| 4. | Die Losprys | 35 |
| 5. | Geskuifel in die Kelder | 47 |
| 6. | Fluitende Dood | 57 |
| 7. | Mes Met Drie Lemme | 71 |
| 8. | Bloed op die Gruis | 81 |


Hoofstuk 1

# NET TWEE KELKIES

Die groot vliegtuig stryk neer. Die skare van bykans drieduisend wag gespanne op die lughawe Jan Smuts. Toe Manine Minette, die beroemde rolprentster, in die deur bo die trappe verskyn, styg 'n luide gejuig op. Mans fluit en tienderjariges gil histeries. Agter die prikkelpop met die blonde hare wat helfte van haar gesig bedek, staan Harold Cordal, die bekende regisseur van die Magnum Masters-rolprentmaatskappy. Hy glimlag breed. Sy regterhand rus op haar linkerarm.

,,Hulle hou van jou, Manine,'' sê hy in haar oor.

Sy knik. Sy wuif met haar regterhand en die toejuiging neem toe.

Meteens is hy bewus van die skielike ruk in haar liggaam en die ligte beweging in haar arm.

,,Wat is dit, Manine?'' vra hy besorg.

,,Daar is 'n man tussen die skare,'' fluister sy oor haar skouer terug. ,,Hy lyk soos een van dié wat in Londen probeer het om my te ontvoer.''

,,Dit maak nie saak nie,'' antwoord hy haastig. ,,Ek het reëlings met die polisie getref. Daar is heelwaarskynlik 'n tiental speurders hier om die vliegtuig. Glimlag en wuif, Manine! Die skare het nie hierheen gekom om jou bekommerde gelaat te sien nie.''

Sy wuif maar gedurig dwaal haar oë daar na die kant waar sy die man met die skraal gesig, die prominente neus en die oë wat so naby mekaar sit, gesien het. Sy onthou hom goed vanaf daardie aand in Londen toe hul motor op pad van die hotel na die teater voorgekeer is. Kort daarna was daar nòg 'n poging om haar te ontvoer en sedertdien het sy nie veilig gevoel nie.

Toe hulle die hekke bereik en tussen die skare deur na die groot saal toe stap, kom Dennis de Wilten hulle tegemoet. Agter hom is 'n paar van die stadsraadslede van Johannesburg en ook ander hooggeplaastes. Sodra hy Manine Minette gegroet het en voordat die ander binne hoorafstand is, sê De Wilten vir Cordal: ,,Ek het jou boodskap ontvang, Harold. Wat steek agter hierdie aanvalle op Manine?''

,,Ek weet nie, Dennis,'' antwoord Cordal. Dennis de Wilten is

hoof van Magnum Masters en die finansier van ,,Vrou van die Eeue" wat nou in Afrika verfilm word. ,,Seker maar vir 'n losprys, wat anders?"

,,Ek het reëlings getref," verseker De Wilten hulle. ,,Helfte van Johannesburg se speurmag is hier tussen die skare versteek.

Manine Minette sug. Toe glimlag sy.

,,Dit is gerusstellend," antwoord sy.

'n Kwartier later, nadat hulle 'n oomblik met die verwelkoming-skomitee gesels het en hulle by die doeane verby is, vertrek hulle na die weelderige Randover-hotel in die middestad. Ook hier wag 'n skare, maar nadat Manine 'n paar keer bo-op die trappe om-gedraai en gewuif het, gaan hulle in. Op die derde verdieping druk Harold Cordal die deur van haar stel kamers in die gesigte van die verslaggewers toe.

,,Julle kan vanaand met die ontvangs hoor wat ons te sê het," verseker hy hulle.

Solank Manine haar effens opknap, bestel De Wilten drankies. Toe almal in die groot sitkamer om die tafel vergader het, sê hy ernstig: ,,Vertel my nou eers wat in Londen gebeur het."

,,Nie veel nie," antwoord Cordal en Manine kyk hom half verontwaardig aan. Hy glimlag. ,,Wat ek bedoel," vervolg hy, ,,is dat hulle nie veel reggekry het nie. Ons was op pad teater toe en by 'n kruising in die digte verkeer het 'n paar mans die deur oopgeruk en wou Manine uitpluk. Bloot toevallig was daar 'n paar kon-stabels so naby dat hulle met die eerste uitroep op die toneel verskyn het. Daarna het dit twee keer gebeur dat vreemdelinge haar in die hotel wou bereik. Ons kan maar net aanneem dat iemand—heelwaarskynlik 'n bende—haar wil ontvoer."

,,Maar hoekom het julle verwag dat die pogings hier in Johan-nesburg voortgesit sal word?"

,,Dit was Manine se begeerte dat ons voorsorgsmaatreëls tref," antwoord Cordal skouerophalend.

,,En my intuïsie was reg," val Manine in. ,,Daar van die vlieg-tuigtrappe het ek een van die mans tussen die skare herken. Hulle het ons hierheen vooruitgegaan."

Denis B. de Wilten spring op. Met sy hande agter die rug stap hy 'n draai deur die vertrek.

,,Maar dit is eenvoudig belaglik!" roep hy dan uit. ,,Waarom





kies hulle hierdie tyd om hulle met ons sake in te meng? Die ,,Vrou van die Eeue" is nie ver van voltooiing af nie. Die hooftonele is klaar. As Manine nou selfs 'n maand lank moet verdwyn, sal dit vir ons 'n verlies van R200,000 beteken—baie meer nog. Sonder haar is dit onmoontlik om voort te gaan, aangesien sy van die begin af reeds daarin verskyn. Vir haar is daar eenvoudig geen vervanging nie."

,,Dit wil werklik voorkom," voeg Manine Minette by, ,,asof hulle wil verhinder dat ek die rolprent voltooi. Waarom sal hulle my uit Londen hierheen volg?"

,,Ja," brom De Wilten ontevrede, ,,en die bewegings van Ma-nine Minette kan ook nie geheim gehou word nie. Die wêreld weet elke uur van die dag waar sy is."

,,Ons sal in elk geval môre-agtermiddag op pad wees na die kamp in die Bosveld waar die laaste tonele verfilm word." Cordal glimlag gerusstellend. ,,Daar is ons tussen ons eie mense. Vanaand en môreoggend sal die speurders hier sorg dat ons nie gemolesteer word nie."

,,Gaan jy hierdie storie aan die koerante gee?"

,,Nee." Cordal skud sy kop. ,,Manine Minette het nie goedkoop publisiteit nodig nie. Ons het in Londen ook niks daarvan gerep nie."

,Ja," De Wilten, wat weer plaasgeneem het, klap met sy hand op sy knie en tel dan sy kelkie wyn op. ,,Die ,Vrou van die Eeue' is sekerlik die duurste rolprent wat nog gemaak is. Dit dek die evolusie van die mens, met toepassing op die vrou. Soos jy sê, Harold, dit het nie goedkoop publisiteit nodig nie. Die prent self sal ons almal ál die bekendheid gee wat ons maar kan verlang." Hy bly skielik stil en neem 'n slukkie wyn. Hy dink daaraan dat Harold Cordal sy eie rolprentmaatskappy besit het, maar dat hy bankrot gespeel het en nou verplig is om rolprente vir Magnum Masters te maak.

'n Oomblik lank sê hulle niks. Dan verneem Manine Minette: ,,Maar wat van daardie ander maatskappy—die een wat met 'n soortgelyke prent in Midde-Afrika besig is?"

,,Juis!" roep De Wilten uit. ,,Ek kon nog nie vasstel wie hulle is nie maar hulle gaan op 'n veel kleiner skaal te werk. In elk geval is dit juis dít wat dit dringend maak dat niks nou met die ,Vrou van die

Eeue' skeef loop nie. As 'n ander prent oor die evolusie op die mark moet kom voor ons s'n sal Magnum Masters dalk nie die slag kan weerstaan nie."

Harold Cordal hou sy kelkie op. Hy kyk na Manine.

,,Wel!" roep hy uit. ,,dan moet ons Manine net eenvoudig nie onder ons oë uit laat gaan nie. Kom drink op jou veiligheid, Manine."

Die deurklokkie lui. Cordal maak oop en twee mans tree te voorskyn.

,,Ek is sersant Eksteen," stel die voorste homself bekend. Hy is frisgebou en het 'n netjiese voorkoms. Altwee is in gewone drag.

,,Gaaf!" roep Wilten uit. ,,Meneer Cordal het my pas vertel wat in Londen plaasgevind het. Ek is bly dat julle op diens is."

,,Daar was selfs twee man in die vliegtuig uit Londen," verseker sersant Eksteen hulle. ,,As u nie omgee nie, sal ons graag weer 'n keer deur die kamers wil gaan en dan kan u my ook die verslag gee. Verder moet ek voorbereidings tref vir vanaand se onthaal. Ek verstaan dat net uitgesoekte gaste genooi is, maar dit sal nogtans nodig wees dat hul identiteit nagegaan word."

,,Natuurlik!" roep Cordal uit. ,,Ons wil egter net versoek dat daar so onopsigtelik as moontlik te werk gegaan word. Vir die algemene publiek kan dit maklik voorkom asof daar na publisiteit gesoek word."

Sersant Eksteen gaan presies te werk. Hy neem aantekeninge en doen 'n paar telefoonoproepe. Daarna vertrek hy om reëlings te tref.

Toe die eerste gaste en verslaggewers om ongeveer agtuur die aand aanklop word hulle gulhartig ontvang. Nêrens is daar 'n enkele teken dat Manine Minette se stel kamers onder streng bewaking is en geeneen is daarvan bewus dat hulle haarfyn deurgekyk word wanneer hulle ingaan nie. Daar is drankies en 'n buffetete. Daar is 'n paar kort toesprake en dan gesels die verslaggewers en die ander met De Wilten, Cordal en Manine Minette. Verskeie van hulle vertrek en daar bly net 'n paar persoonlike vriende en ander belanghebbendes agter. Manine gesels met Bill Davis, die prokureur wat Magnum Masters se sake in die Republiek behartig. Davis is 'n middeljarige man, maar sy groot wakker oë, swart hare en selfversekerde houding laat hom veel





jonger lyk. Hy is lank en dit stel hom in staat om oor die koppe van almal deur die vertrek heen te kan kyk.

,,Dit behoort werklik 'n interessante prent te wees," sê hy geselsend onderwyl hy haar 'n kelkie likeur aanbied. ,,Die rol wat die vrou deur die jare heen gespeel het."

,,Dit was vir my 'n groot eer om gekies te word," verseker sy hom.

,,Daar was nie eintlik 'n keuse nie."

Sy glimlag. Sy maak haar lippe aan die likeur nat.

,,Tipeer ek dalk die uiteindelike volmaakte vrou?" verneem sy skalks.

,,Ek sal aanvaar dat jy dit uitstekend kan vertolk," antwoord hy versigtig en hulle lag albei. Hy kyk na die oorkant van die ruim vertrek waar Cordal met 'n paar mans staan en gesels. Net vir 'n oomblik ontmoet hul blik en Davis knik asof hy die beweging in nadenking van sy gesprek met Manine doen.

'n Rukkie later kom 'n kelner verby met 'n skinkbord waarop daar maar twee kelkies staan. Davis wink hom nader.

,,Hierdie geleentheid durf ons nie laat verbygaan nie," sê hy vir Manine. ,,Kyk, daar is maar net twee kelkies."

,,Ek voel regtig—."

,,Dan maak jy dit jou laaste," sê hy op daardie deurdringende manier wat so veel vorsheid in sy optrede weerspieël. Sonder meer neem hy ook haar leë kelkie en gee haar 'n volle.

,,Ek verneem dat julle nog ongeveer twee maande lank besig sal bly?" gaan hy voort met die gesprek. ,,As die agtergrond van die prent nie was dat 'n navorser die verskillende stappe van die beskawing nagaan nie, sou daar natuurlik meer tonele in gerieflike omstandighede gemaak gewees het. Nou moet jy dikwels in die wilde—."

,,Maar ek hou daarvan," antwoord sy dadelik. ,,Ek kan jou verseker dat die stadslewe ook maar eentonig kan word." Sy tel haar hand op en veeg 'n keer oor haar oë. ,,Dit is snaaks," sê sy verbaas. ,,Ek voel amper effens duiselig. Miskien het ek te veel gedrink."

,,Nooit," sê hy ernstig. ,,Dit is seker maar die uitputting van die reis."

Sy glimlag half verontskuldigend. Dit is asof sy effens steier.

Hy strek sy hand uit, maar ruk dit dadelik weer terug.

,,Dit is asof die moegheid my eensklaps oorval,'' sê sy gedemp.

,,Kan ek dalk iets vir jou bring?'' begin hy huiwerig, maar vervolg haastig. ,,Miskien sal dit beter wees as jy 'n rukkie gaan lê. Ek sal jou verskonings maak.''

,,Ja,'' sê sy mompelend. ,,Ja, dit is die beste.''

Hulle staan feitlik teen haar slaapkamerdeur. Hy het juis sy kans afgewag en die gesprek met haar daar aangeknoop. Hy druk die handvatsel af en sy val half daarin, maar kry dit darem reg om haar ewewig te behou en 'n paar tree te gee. Dadelik trek hy die deur agter haar toe en kyk doodluiters om hom heen.

Blykbaar het niemand die beweging opgemerk nie. Hy stap deur na die badkamer wat aan die slaapkamer grens en wat met 'n deur daarmee verbind is. Die deur is toe. Blykbaar is daar iemand in.

Hy voel ongeduldig. Hy swaai om en slenter oor na die tafel waarop die koue geregte staan. Hy neem 'n stukkie vleis in 'n bord en peusel daaraan. Onderlangs loer hy na die badkamer.

So ver hy weet is daar nie van die speurders in die vertrek nie. Hulle is buite in die gang. By die hoofingange en selfs onder die brandtrappe. Die badkamer is nog toe. Dit is gesluit, want hy het aan die knop gedraai. Hy moet in Manine se kamer kom voordat iemand haar afwesigheid hier ontdek en dalk ondersoek gaan instel.

Die bestuurder van 'n Afrikaanse rolprentmaatskappy sluit hom by Davis aan. Hy tel 'n toebroodjie op.

,,Dit sal 'n groot prent wees,'' sê die man en sy aanmerking het dieselfde waarde as 'n verwysing na die weer. Dit is egter ál waaroor daar die hele aand gepraat is.

,,Ja,'' antwoord Bill Davis bondig. Hy wil nie nou graag in 'n gesprek gesleep word nie. Op daardie oomblik gaan die badkamerdeur oop.

,,Ek gesels juis nou net met Dennis de Wilten,'' vervolg die man. ,,Hy reken dat dit een van die duurste prente sal wees wat nog ooit vervaardig is. Ek verstaan dat dit bykans R230,000 kos om die hele besigheid 'n maand lank aan die gang te hou. Dit. . .''

,,Ek weet, ja,'' antwoord Davis haastig. ,,Ek werk met hul sake.''

,,Natuurlik, ja,'' sê die man. ,,Dan sal jy ook weet of. . .''





,,Verskoon my net 'n oomblik.'' Davis glimlag. ,,Ek is nou terug.''

,,Sekerlik.'' Die man knik.

Davis stap vinnig oor die vertrek na die badkamer toe. Hy wil voorkom dat iemand anders voor hom daar in gaan. Hy trek die deur agter hom toe en sluit dit.

Die deur na Manine se slaapkamer is ook gesluit maar gelukkig van sy kant af. Hy glip in en laat die deur agter hom oop bly. Sy lê op die tapyt anderkant die bed. Hy buk oor haar en luister aandagtig. Haar asemhaling is swaar en gereeld. Hy kom orent en draai die sleutel versigtig in die slot van die deur wat in die sitkamer uitgaan.

Toe spring hy terug en skuif die deure van die groot ingeboude kas oop. Die kas self strek die volle hoogte van die muur, maar net bokant die hangerbalk is daar 'n stofplafon. Hy skuif 'n stuk daarvan opsy. Dit is gedurende die namiddag reeds losgemaak.

Gemaklik tel hy Manine Minette op en dra haar na die kas toe. Die ruimte bokant die stofplafon is net minder as 'n meter breed en net 'n rapsie meer as 'n meter diep. Dit strek natuurlik die lengte van die kas self. Hy skuif haar slanke liggaam daarlangs in en plaas die stuk van die plafon wat hy uitgehaal het weer in posisie terug. Versigtig stel hy vas of daar nêrens stof neergeval het of merke gemaak is nie. Hy stoot die deure toe en veeg die handvatsels met sy sakdoek af.

Hy skuif die groot dubbelbed aan die breë houtkopstuk af weg en tot teen die muur onder die venster. Hy ruk die lakens af en draai dit styf op voordat hy die twee aanmekaar vasbind. Een van die ander punte word vinnig onder om die poot van die bed geknoop voordat Davis versigtig by die venster uitkyk. Die binneplaas onder hom is verlate. Weerskante teen die mure is verskeie verligte vensters maar niemand kyk in hierdie rigting uit nie. Die groot hek in die straatmuur is oop en hy sien die man duidelik daar staan. Die kêrel kyk egter straat se kant toe waar hy teen een van die pilare aanleun.

Sonder aarseling gooi Davis die lakens by die venster uit sodat dit teen die muur afhang. Die stel kamers onder dié van Manine Minette is leeg. Hulle het dit vroeg reeds vasgestel en 'n uur gelede seker gemaak dat niemand intussen ingetrek het nie.

Hy snel oor die dik tapyt en sluit die deur na die sitkamer toe stadig oop. Hy vee die sleutel met 'n sakdoek af en gaan dan terug na die badkamer toe. Ook hier verwyder hy sy vingerafdrukke.

Op sy gemak slenter hy uit en terug na die tafel waarop die kos en die drankies staan. Hy tel 'n kelkie op en kyk oor die vertrek heen. Cordal beweeg in sy rigting.

,,De Wilten het nou net verneem waar Manine is,'' sê die regisseur gedemp, onderwyl hy 'n stukkie vleis uitsoek.

,,Ja,'' antwoord Davis. ,,Daar stap hy nou na haar kamerdeur toe. Alles is in orde.''

,,Gaaf.'' Cordal draai om en gaan terug na die groep wat hy pas verlaat het.

Dennis B. de Wilten klop saggies aan die deur. Hy het eers 'n effense draai gestap sodat hy in die kort gang af kon sien of die badkamer oop is. In elk geval kan hy nie onthou dat hy Manine in daardie rigting sien beweeg het nie. Sy was laas in hierdie omgewing waar sy met 'n paar mans gesels het. Dit is nou amper tien minute sedert hy haar gesien het en daar is van die gaste wat wil vertrek.

Daar is geen antwoord nie. Hy klop weer. Toe druk hy die handvatsel af en stoot die deur op 'n skrefie oop.

,,Manine!'' roep hy saggies uit.

Nog antwoord sy nie. Hy maak die deur oop en stap in. Toe steek hy vas en staar strak na die bed voor die venster. Meteens bulder hy luidkeels.

,,Cordal! Cordal! Bring die speurders!'' Onderwyl hy nog roep, hardloop hy na die venster toe. Hy leun uit en sien die lakens wat daar uithang. Onder by die hek in die muur staan 'n man.

,,Jy!'' skreeu de Wilten. ,,Staan en slaap jy daar!''

Agter hom het die orige gaste ingedruk. Hulle kyk deur die vertrek. Buite by die gangdeur skreeu Cordal na sersant Eksteen. Daar is 'n opgewonde gebabbel. Geeneen het die vaagste benul van wat aan die gang is nie. De Wilten en Cordal weet natuurlik van die moontlikheid dat Manine Minette ontvoer kon word en daarom tree hulle sonder aarseling op.

Die man onder by die straathek hardloop na die muur toe. Hy kyk daarlangs op.

,,Wat hang daar uit?'' verneem hy hard.





,,Lakens, jou swaap!'' werp De Wilten terug. ,,Kon jy nie sien toe hulle hierlangs afklouter nie.''

,,Ek het niks gesien nie. Ek het ook niks gehoor nie.'' Die man aarsel 'n oomblik. ,,Hulle is natuurlik daar by die venster onder jou in.''

,,Dit is vanselfsprekend!'' snou De Wilten hom toe. ,,Verwag jy dat hulle twee verdiepings ver sou gespring het.'' Hy swaai om. ,,Cordal!'' roep hy die regisseur. ,,Cordal, sê vir Eksteen om dadelik na die stel kamers onder hierdie een te gaan. Hy sal niks hier vind nie. Gou man!''

Die enkele verslaggewers wat agtergebly het, maak aantekeninge wat hulle kan. Toe storm hulle na die enkele telefoon en daar is 'n gestoei voordat een 'n nommer skakel. Cordal en De Wilten het hulle kortliks meegedeel van die pogings wat reeds aangewend is om Manine Minette te ontvoer en nou het dit werklikheid geword.

Tien minute later rapporteer sersant Eksteen dat daar wel tekens in die kamers daaronder is dat mense daarlangs beweeg het. Die verskillende uitgange van die hotel word noukeurig bewaak. Volgens afleidings kon juffrou Minette nie langer as 'n kwartier uit die sitkamer gewees het voordat haar afwesigheid opgemerk is nie. In daardie tyd is dit egter wel moontlik dat wie haar ook al ontvoer het hul kans kon afgewag het en weggekom het juis op die oomblik toe die alarm gegee is en almal se aandag hier op die kamer gevestig was.

Eksteen druk die mense by die slaapvertrek uit. Davis, Cordal en De Wilten is ál wat oorbly.

,,Dit is taamlik duidelik wat gebeur het,'' sê die sersant onderwyl hy die lakens, die bed, die tapyt en die ander meubels beskou. ,,Iemand het hom natuurlik gedurende die aand hier versteek.'' Hy stap na die muurkas toe en skuif die deur oop. ,,Hy kon maklik hierin weggekruip het,'' vervolg hy onderwyl hy omdraai nadat hy daar ingeloer het. ,,Toe sy hier ingekom het, kon hy haar gegryp het en katswink geslaan het. Daarna het hy die lakens aanmekaar geknoop en na die kamers hier onderkant toe ontsnap. Hierdie saak is fyn vooruit beplan.''

,,Dit beteken dus dat iemand wat hier by die onthaal was, daarin betrokke moet wees?''